# Week 4:




## Lukas 17:3-6 en Matteus 17:14-21

### Saamgesels *(maak tyd om na mekaar te luister)*

*Dink aan geleenthede waar jy verras is deur iemand anders se geloof/commitment/vertroue in die Here...*

### Wat sê die Bybel? *(maak tyd om na die Woord te luister)*

**Vinnige re-cap oor vorige week:**

Hoe voel dit vir jou om te weet dat die Here jou raaksien en vir jou omgee?

**Lees Lukas 17:3-6 en Matteus 17:14-21**

- Dink jy dat jy genoeg geloof het om duiwels uit te dryf (Matt 17) en/of om mense te vergewe (Luk 17)? Hoekom dink jy dat 'n mens ekstra geloof hiervoor nodig het?

- Hoeveel geloof is vir die Here genoeg? Kyk na Mt 17:20 en Lk 17:6

- Wat maak 'n mostersaadjie so spesiaal dat Jesus dit as voorbeeld gebruik?

  *Klein, kom baie algemeen voor, groei maklik soos onkruid*

- Ek dink die punt wat die Here wil maak is dat Hy met die bietjie geloof wat ons het kan werk. Ons hoef nie geloofs-reuse te wees nie, ons moet net ons vetroue in die almagtige God en in sy krag plaas. Dan kan onmoontlike goed gebeur… soos berge wat verskuif en bome wat in die see geplant word…

  Hoekom is dit 'n bevrydende gedagte?

  ***Mostersaadgeloof wil vir ons verduidelik dat die verskil nie lê in die kwaliteit of sterkte of hoeveelheid van my geloof nie, maar in die een in wie ek glo.***

- Is daar sake in jou lewe waarmee jy die Here wil vertrou?

### Sluit hierdie Bybelstudie met gebed af *(maak tyd om na mekaar se harte en na die Here te luister)*

- **Wat is daar op jou hart wat jy graag vanaand met die Here wil deel?**
- **Waarvoor wil jy dankie sê?**
- **Wat wil jy vra?**
- **Vir wie bid jy vanaand spesifiek?**

*"The only basis for fruitful Christianity (the only source of our power) is divine union, connection."* **Richard Rohr**